

Huwelik Voorbereiding

Die huwelik voorbereiding en dag.

Kom ons begin waar die man en vrou reeds die ouerpare gevra het en dat die antwoord ja was.

Nou dat almal tevrede is met die eenwording en die nuwe lewe wat daar uit gaan spruit moet daar 'n paar stappe gedoen word wat baie belangrik is.

Soos ons weet wil die staat weet van die volk se doen en late en daarom gebruik die staat kerke om hulle werk vir hulle te doen. Soos ons ook weet doen die kerke dit tot hulle eie voordeel, want daardeur werf hulle ontelbare ledemate wat diens moet lewer en 10 des moet opdok tot eie verryking. Die staat weet ook dat daar diegene is wat nie kerk toe gaan nie en wel 'n huwelike sertifikaat moet kry om rekord te hou van die aanwas van die volk.

Wat moet nou gebeur vir die wat nie kerk troues doen nie ? Hulle gaan na die Landdros en bevestig dat hulle in die huwelik gaan tree (*Indien daar 'n registreerder broer is kan hy dit ook doen*). Die landdros doen die nodige papierwerk en die staat is nou geken dat hulle bymekaar gaan woon en dat uit hul huwelik kinders mag voorkom.

Nou wat baie, baie belangrik is voor die paartjie na die landdros toe gaan moet hulle eers na 'n prokureursfirma gaan en 'n huweliksvoorwaardekontrak optrek (ons as die uitverkore); Om die man as heerser te bevestig en dat hy die besitter is van bespreekte vaste eiendom en so ook dat wat hy ook al gaan koop en verkoop dat hy volle reg het om so te doen. Indien hy 'n besigheid of wat ook al gaan koop of erf dat dit nie sy vrou se toestemming nodig het nie.

Hier is 'n voor gestelde kontrak:

Die 'prokureur', in sy hoedanigheid as behoorlik gevolmagtigde agent van:-

1. Georg du Preez: jongman van Bloemfontein gebore op 19 Mei 1992. Hierin bygestaan deur sy vader en natuurlike voog Georg du Preez. en Identiteit nommer 920519 0000 000

2. Cornelia Erasmus: Jongedogter van Bloemfontein en gebore op 3 November 1992. Hierin bygestaan deur haar vader en natuurlike voog Nicolaas Erasmus Identiteit nommer 921103 0000 000

Kragtens 'n volmag geteken te Bloemfontein op die 28 ste dag van Julie 2020. welke volmag aan my getoon is en tans in my protokol berus wat verklaar het dat Georg du Preez (920519 0000 000) en Cornelia Erasmus (921103 0000 000) voornemens is om met mekaar in die egtelike staat te tree en dat hulle hul huwelik, wat binnekort voltrek word, deur die volgende bepalinge reël, te wete:

1. Daar sal kragtens die huwelik tussen die aanstaande eggenote geen gemeenskap van goed ontstaan nie, maar elkeen sal sy of eie goedere, van watter aard dit ook al mag wees, roerend of onroerend, teenswoordige sowel as toekomstige, behou en besit ewe asof geen huwelik gesluit was nie.
2. Die aanstaande eggenote sal nie die een vir die ander se skulde en verpligtinge vóór, hetsy gedurende, die huwelik ontstaan het, maar elkeen sal slegs vir sy of haar eie skulde en verpligtinge aanspreeklik wees.
3. Alle erfenisse hetsy kragtens uiterste wil hetsy volgens intestate erfreg, eweas alle legatêre en ander testamentêre beskikkinge, asook alle skenkings Tussen lewendes, wat aan of ten behoewe van een van die aanstaande eggenote nagelaat, bemaak of gedoen is, sal die uitsluitende eiendom wees van hom of van haar ten behoewe van wie dit aldus nagelaat, bemaak, beskik of geskenk is.
4. Elke party behou volle vryheid om sonder medewerking van die ander party oor sy of haar goedere kragtens testament, kodusil of ander testamentêre akte, soos hy of sy geskik mag vind, te beskik.
5. Daar sal kragtens die huwelik tussen die aanstaande eggenote geen gemeenskap van wins of verlies ontstaan nie, maar alle wins en alle verlies sal 'n bate of 'n las wees van hom of van haar wat die wins maak of die verlies ly.
6. Die genoemde Cornelia Erasmus (Identiteit nommer 921103 0000 000) sal gedurende die bestaan van die voorgename huwelik die volle en uitsluitende genot, besit en beheer hê van al haar goedere van watter aard ook al, wat sy tans besit of in die toekoms mag verkry, sonder die bystand, tussenkoms, medewerking of toestemming van die genoemde Georg du Preez (Identiteit nommer 9200519 0000 000) van wie die gehele maritale mag oor al die goedere van die genoemde Cornelia Erasmus uitgesluit sal bly, ewe asof die huwelik tussen hulle nie voltrek was nie. Op welke voorwaardes en kondisies die genoemde Georg du Preez en Cornelia Erasmus van voorneme is om die voorgename huwelik te laat bevestig en belowe hulle en het hulle onderling ooreen gekom om mekaar die volle krag en effekte hiervan toe te laat onder verpligting van hulle persone en goedere volgens wet.

Aldus gedoen en geteken te Bloemfontein op die dag, maand en jaar voor meld in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies:-

(Ek het die kontrak inmekaar gedruk om spasie te spaar)

So die eerste stap was die ouers se toestemming; Die tweede stap was die kontrak; Die derde stap was die landdros; Die vierde stap gaan ons nou na kyk.

Al die voorlopige take is voltooi en nou gaan die paartjie voor om werklik te trou soos dit hoort.

Die ware huwelik plegtigheid en verbinding kan by 'n huis of 'n saal gereël word; Daar moet net gesorg word dat daar genoeg spasie is om beide die familie te akkommodeer.

Hier volg 'n voorstel wat ek en my seun gedoen het met sy trou. My seun het gevoel dat ons (*my seun, my pa en hy self*) dieselfde kleredrag aan moet hê. Die saal is mooi opgemaak en so ook die tafels. Ons het die vorige dag reeds begin met kosse maak vir die hoeveelheid mense wat hy en sy aanstaande genooi het na die troue. Ons het gesorg dat die tafels so gespasieer word dat daar genoeg dans plek in die middel kan wees en so ook dat daar 'n maklike deurloop kan wees na die werklike punt waar die twee die kontrak gaan teken (*saam met die ouers*). Al die genooies gaan sit by hulle tafels waarvan die tafels reeds gedek is, maar geen drink of eet word toegelaat tot en met die towens-drinkies wat voorlê. My seun was die hele tyd daar om die mense te verwelkom en om 'n dit of 'n dat te doen. Toe sy aanstaande buite die saal arriveer het ons orde geroep en almal was toe wagtend op die bruid. My pa het na die amptelike plek gegaan om my seun te trou by 'n "leë tafel"; My seun het hom vergesel waar hulle beide staan wag vir sy bruid. Ek en my ander seun het wel ook nader gestaan en hulle vergesel, maar met 'n doel. Ons vier mans het elk 'n ramshoring in die hand gehad. Met die instap van die bruid met haar pa het ons begin blaas op die horing, en glo my dit verander of beïnvloed die atmosfeer so dat daar rus en vrede daal op almal in daardie gebou.

As sy (*bruid*) by ons uitgekóm het (*Terwyl ons geblaas het*) het ons elk na sy pos gestap. Ek was in die diep kant gegooi om seremoniemeester te wees weens my broer nie daar kon wees nie so ek het na die mikrofoon gestap saam met my jonger seun wat die ring draer/strooijonker was. My pa het by die tafel bly staan saam met die trou paar. My pa het begin om Skrif te lees en te praat wat hy voorberei het vir die plegtigheid. Hy het hulle mekaar die hand laat gee en die ring man het nader gestap met die ringe. Toe hulle die ringe ontvang het, het my pa vir hulle gebid en geseën. Onmiddellik na die gebed roep my pa die twee pa's van die trou paar nader vir die handtekeninge op hul huwelik kontrak. Toe ons almal nou klaar was met die handtekening het almal uitgestap na buite waar die trou paartjie eers gewag het by die tafel.

Hulle het toe uitgekrom waarvan hulle bestrooi en seënwense toegewens was. Foto's was geneem waarvan die twee so 'n half uur gegaan het vir nog foto's. Intussen het die gaste gaan sit en 'n koeldrankie (*wat op die tafels was*) geniet terwyl hulle wag op die trou paar.

Toe die trou paar terugkom het almal weereens gaan sit en die toesprake het begin. Ek het die nodige verwelkominge gedoen en so ook geleentheid aan die gaste gegee om te praat en 'n paar toe-wense aan die paartjie te gee.

My seun het ook sy beurt gekry en na hom het ek musiek aangesit dat die trou paar die baan kon open. Ek het net sowat drie danse toegelaat en die musiek sag gesit en genoem dat die kos gereed was en dat die gaste na die kombuis moet gaan (*dit was 'n oop luik in die muur*). My pa het die gebed gedoen voor die kry van die kos (*Ander eet sommige voor die tyd*). Ete was geniet met sagte musiek in die agtergrond. So 15 tot 20 min in etenstyd het my seun na die tafel gegaan waar die troukoek op was en dit begin sny (foto's was daar ook geneem). Elke tafel het van die koek ontvang (*Klein gesnyde stukkies koek was reeds gereed*) waarvan die kinders kolwyntjies gekry het.

Ons het toe dieselfde geleentheid gebruik om nagereg aan die gaste uitgedeel.

Net na die koek snyery en nagereg kan daar 'n dank gebed gedoen word. Na die gebed het gaan die musiek weer aan en harder gesit sodat die wat wil dans kon dans.

Ja na die eet en dank gebed het die mense begin loop en ander het hulle self geniet saam met die trou paar (*meer die jong klomp*).

So dit is die ritme wat ons goed gevind het om ons seun in die huwelik te laat gaan met sy nooi.

.....

Ek sluit net om te noem wat in Num 6:23 – 27 staan: So moet julle die kinders van Yashar'EL seën deur vir hulle te sê:

YAHUAH seën en bewaar jou
YAHUAH hou toesig oor jou en voed jou
YAHUAH rig Sy gesig na jou en skenk jou vrede

Bedink dit